



DIE...???



DIE AMPTELIKE SKOOLKOERANT van HOËRSKOOL BASTION

Uitgawe 1

April 2022

Sport, uiteindelik!



Foto's: Tanisha Geyer

SONSKYN, OPWINDING EN ATLETIEK!

Geskryf deur Anesca Louw

MINDALORE - Vir die eerste keer in drie jaar kon ons weer 'n atletiekbyeenkoms bywoon en dit nogal op eie bodem! Covid het vir 'n hele ruk ons ontnem van die vreugde en verhoed om deel te kon neem aan hierdie tipe opwindende geleenthede.

Die opwinding onder die atlete was aansteeklik en al kon jy dalk nie self deelneem nie, het hul entoesiasme jou laat voel asof jy saam met hulle na die wenpaal wou hardloop. Dit was 'n fantastiese dag, nie net vir ons atlete nie, maar ook vir al die onderwysers wat betrokke was.

Soos Meneer Koekemoer tereg gesê het: "Dit is wonderlik dat ons kinders weer aan atletiek kan deelneem, want hulle kan weer hulself buite die klaskamer geniet op ons sportvelde. Dit gee die kinders 'n meer positiewe uitkyk op alledaagse aktiwiteite en skakel ook perfek in met ons leuse vir die jaar – dat Bastion groei saam met respek tot sukses."

Dit was 'n volmaakte dag vir atletiek, goeie sonskyn weer en 'n perfekte, grasgroen atletiekveld waar ons leerders hulle talente ten volle uitgeleef het. Bastion se atlete het uitstekend presteer en vele medaljes ingepalm.

Ons hoofleiers van sport, Dominique Smit en Dihan Pieterse, was baie opgewonde dat ons na so 'n lang tyd weer atletiek by ons skool kon aanbied. Hulle voel tuis op ons velde en kan nie wag om te sien wat voorlê vir sport in 2022 nie.

BETER BESTE BASTION!



Die jongste nuus...

Onderhoude met ou en nuwe onderwysers.

Vind uit waar kom baba's vandaan volgens Meneer Gerhard Koekemoer (en Ryan Vosloo).

Kompetisies – jy staan 'n kans om te wen!

Chanté van Eeden, Bastion se eie skoonheidsprinses – wat laat haar 'tick'?



Bastion se nuwe graad 8's – bladsy 3 en 4
Wie is RERIG baas op die Bastion Plaas?



Uit die hoof se kantoor



Hartlik geluk aan doktor Bothe-Smith en hierdie koerant se redaksie wat 'n nuwe begin van ons skool se nuwe koerant daargestel het na soveel jare se wag! Hierdie refleksie van die eerste kwartaal se aktiwiteite dra beslis by tot die uitbreiding van ons skool se beeld en wens ek graag die hele span geluk met die kreatiewe koerant.

Bastion is "Dié Afrikaanse Plattelandse Skool in die Stad" wat trots Afrikaans, gedissiplineerd en waardegedrewe vir elke leerder 'n geleentheid bied, om volgens ons jaartema "as span te groei met respek tot sukses" op die Buffelpaas.

Nogmaals dankie aan almal wat 'n rol gespeel het in die daarstelling van ons koerant. 'n Besondere woord van dank aan Marisca de Beer van die Sonja Smith Elite Begrafnisgroep in Roodepoort vir die borg van drukwerk van hierdie eerste uitgawe. Dit is waarlik 'n belegging in ons skool en ons kinders se toekoms en ons verwelkom dit wanneer ons gemeenskap só daadwerklik by ons betrokke raak.

Graag wens ek almal 'n geseënde en voorspoedige kwartaal toe.

Bastiongroete

Mnr Gert Koekemoer

sonja smith
Elite Funeral Group
Since 2006

Roodepoort

Groenewaldstraat 1, Florida, 1709
Tel: 010 300 9055
Sel: 060 974 4877 (Alle ure)

Organiseer jou persoonlike dokumente in 'n Lewensleër.
Laai hier af: <https://sonjasmith-funerals.co.za/my-life-file/>

Begrafnisse met Sorg, Deernis & Waardigheid

Brief van die redakteur

Die leerders is lief om vir onderwysers te vra hoekom hulle onderwys gekies het. Vir my is dit altyd effens moeilik om te antwoord, want ek het nie onderwys gekies nie. Intendeel, ek het vir JARE daarteen baklei.

Toe ek uiteindelik ophou om soos 'n kleuter tekere te gaan oor die lewe nou nie uitgedraai het volgens my planne nie, werklik alles aan die Vader oorgegee het en Hom toegelaat het om te doen wat Hy wil, eindig ek op in 'n pos as onderwyser by Hoërskool Bastion.

Na net 'n bietjie meer as twee jaar hier, weet ek dat Bastion nog vir baie lank vir my 'n tuiste gaan wees. Bastion se kinders weet van uithou en aanhou, weet van bloed sweet en klippe kou. Om nie eers te praat van ons onderwysers en ouers nie. Met sulke mense kan mens mos oorlog toe gaan! My hart klop blou en rooi!

BETER, BESTE, BASTION



Santie Bothe-Smith

(INTER)HOOR-HOOR VIR BASTION SE IMPROMPTU ATLETE

Geskryf deur Liané Wagner en Amoré Jacobs

RUIMSIG - Op Dinsdag 22 Februarie het al ons atlete bymekaargekom om deel te neem aan die Interhoër byeenkoms by Ruimsig Stadion. Die oggend het vroeg begin toe al die atlete om agtuur met die skoolbus vertrek het – op pad om die Bastion-naam trots hou te hou.

Die program het afgeskop met die velditems: hoog- en verspring. Daar palm Bastion sy eerste medalje in met Owen Oberholzer se tweede plek in hoogspring! Een van ons mees uitnemende atlete, Tumi Mashimbyi, het aan amper elke item deelgeneem en sy het presteer! Met 'n tweede plek in die 400 meter, 'n tweede plek in die 100 meter hekkies en derde plek in die 400 meter hekkies, het die medaljes om haar nek behoorlik geblink!

Met 'n tekort aan Bastion atlete sal mens dink dat die dag 'n bitter smaak in die mond sou los, maar nie vir Bastion nie, nee, hier het ons leerders wat weet van uithaal en wys. Bastion se VLR-lede was daar om by te staan by die hekkie-items. Om deel te neem aan 'n atletiek-item was nooit deel van die plan nie. Tog het Carmon Mattheus nie gras onder haar voete laat groei toe daar gevra word vir 'n dogter om in te staan as atleet vir die O/16 aflos nie. Sy het uitstekend presteer, dit nogal vir iemand wat nie op die dag 'n deelnemende atleet was nie EN die resies in haar denimbroek moes hardloop!

Die hoogtepunt van die dag was die seuns O/14 1500 meter. Keagan Quirk is gevra om vir Bastion te hardloop – hy het homself nog nooit as 'n langafstandatleet beskou nie en na 'n lang dag was sy moed maar min. Tog het die aanmoediging van vriende en onderwysers hom oorreed om deel te neem en daar behaal die jong man wraggies somer tweede plek! By navrae oor sy prestasie het Keagan gesê: "Teen die laaste rondte kon ek nie my bene voel nie, ek was tweede, ek het my laaste energie gebruik sodat die derde ou my nie kon verbyvat nie. Toe ek oor die wenstreep was het ek neergeval en ek kon nie loop nie." Daar is geen uitdaging te groot vir die Bastion kinders nie!

Die dag het op 'n hoë noot geëindig met 'n groep trotse Bastioners, al singend aan geesvang-liedjies, op die bus op pad terug, want dit was 'n dag om te onthou!

GRAAD 8'S BOER DAT DIT BARS!

GRAAD 8'S WYS WIE IS BAAS OP DIE BASTION PLAAS

Geskryf deur Anesca Louw

MINDALORE - Dinge op die Bastion Plaas het met 'n groot gejuig afgeskop vir die graad 8's van 2022. Hier was elke tipe boer waaraan jy kon dink: Wildsboere(8B), skaapboere(8A), wynboere(8S), hoenderboere(8T), vrugteboere(8I) en sonneblomboere(8O).

Na 'n lang Covid-droogte, kon ons weer 'n groentjie-konsert hou om ons graad 8-leerders behoorlik tuis te laat voel en wat 'n konsert was dit net nie! Die danspassies en krete was uitstekend en die hoofkarakters het die gehoor so aan die lag gehou dat hul skoon pyn op hul mae gekry het. Die wonderlike Afrikaanse musiek het die ouers se voete laat jeuk om saam te dans en te sing. Dit was OOK nie net die graad 8's wat lekker boude rondgeswaai het op die verhoog nie, maar saam met hulle was al die Oompies en Anties - ons leerderraad. Van windpomp-dekor tot skaaptjoppie-krete was ons aangenaam verras deur die oorvloed kreatiwiteit van die groentjies en leerderraad! Die Plaasbestuurders (Base van die Plaas) het hulself waarlik goed van hul taak gekwyd om die nuwe groentjies op die plaas te help inlyf!

Die harde werk wat elke graad 8-leerder, ons leiers en ons onderwysers ingesit het om van die groentjie-konsert 'n sukses te maak, het duidelik hulle trots om deel te wees van die Bastion Plaas, weerspieël.

Teen die einde van die week se "konsertery", is daar wenners aangekondig in sekere kategorieë. Die wenners en die verskillende kategorieë was:

Beste banier: Graad 8B – Wildsboere

Beste kreet: Graad 8S – Sonneblomboere

Beste danspassies: Graad 8O – Wynboere

Beste gees: Graad 8O – Wynboere


Algehele wenners: Natuurlik Graad 8O - ons Wynboere!

Ons hoofdogter van kultuur, Mieke de Beer, vertel dat die hele doel van die Oppieplaas-tema vir 2022 is om ons as Afrikaanssprekendes weer te herinner om ons kultuur te bou, te fokus op die kosbaarheid van ons moedertaal – Afrikaans – en ons te herinner aan waar ons wortels lê.

Die Grootbaas van die plaas, Meneer Koekemoer, het in sy toespraak ons laat onthou waarom Bastion dié beste skool aan die Wesrand is – met ons Christelike waardes, die voorreg om steeds ten volle Afrikaans te wees en die strewende om hoë gehalte onderwys aan elke leerling te bied.

Elke aand het geëndig met die leerlinge en personeel wat ons skoollied uit volle bors gesing het. Dit was 'n ongelooflike trotse oomblik om ons geliefde skoollied te hoor, hoendervleis mooi! Elke ouer wat die konsert bygewoon het, het met 'n glimlag en 'n hart vol trots by die saal uitgestap. Die konsert was omtrent een vir die boeke en het ons almal inspireer om almal saam te bou aan ons Bastion Plaas om dit net nog beter te maak.

BETER BESTE BASTION!



HOE RY DIE BOERE? SIT-SIT SO! OF DOEN HULLE RERIG?

Hier volg twee artikels, beide 'n refleksie op die graad 8-kamp, een vanuit die oogpunt van 'n leier, die ander uit perspektief van 'n splinternuwe Bastion graad 8-leerder. Wie se weergawe dink jy vertel die REGTE storie 😊?

'N LEIER OP 'N GRAAD AGT KAMP – O DIE LYDING!

Geskryf deur Mieke de Beer

JUBAWENI – Só begin die gr 8's se hoërskoolloopbaan – met opgewondenheid, maar tog 'n mate van onsekerheid het hulle op die bus geklim. Daar was beslis nie 'n stil oomblik op die bus nie, al wou die leiers net slaap. Die kamp is die begin van hulle vyf jaar hier by Bastion. Hier is waar jy jou lewenslange vriende en vriendinne gaan ontmoet.

By Jubaweni aangekom, het dinge dadelik afgeskop met 'n klomp spanbou-aktiwiteite. Elke groep moes 'n unieke naam en eie kreet uitdink – die snaakste en oulikste idees het hier uitgekome!

Ons het een aand 'n nagmars gehad waar ons die natuur kon geniet. Een ding wat ek geleer het, is dat plakkies op 'n nagmars nōdīt 'n goeie idee is nie! Die graad agts het daarna nog baie energie gehad en kon nie stilbly na die ligte uit is nie.

Die volgende dag het 'n groot taak vir ons gelê en wag: die hindernisbaan... Deur die modderwater kruip, houtpale klim, deur wiele gegooi word en op balansblokke loop het hierdie kinders doodmoeg gehad, maar dit het hulle nie gekeer om daarna die wonderlikste konsert te hou en hulle talente ten toon te stel nie. Tydens die konsert het ons ontdek dat ons beslis 'n paar grappatte hier het.



Met die laaste bietjie energie het ons 'n geesvang-sessie gehad. Ons stemme is kilometers ver gehoor en ek dink selfs die leeuus het vir ons geskrik.



Uiteindelik was die graad agts gedane en het hulle glad nie gestry om bed toe te gaan nie. Die leiers aan die anderkant het hulle tweede asem ontdek en 'n opwindende aand gehad om die kampvuur en moes op 'n stadion weghardloop vir 'n leeu!

Met dankbaarheid in ons harte en hees stemme het ons vir Jubaweni en hulle personeel gegroet na 'n naweek wat ons nooit sal vergeet nie. Ek dink dalk die graad agts wil nogsteeds weet wanneer is dit hulle beurt om te swem...



MAAR IS DIT NOU ONS BEURT OM TE SWEM?

Geskryf deur Angelique Kent

JUBAWENI – Dit het alles begin met 'n twee ure busrit, hier het ek twee nuwe vriendinne sommer netso gemaak. Die leiers op die bus het musiek gespeel en ons het lekker peuselgoed gehad om aan te eet op die bus. Daar aangekom kon ons gelukkig self kies met wie ons wou kamers deel en watter kamer ons wou hê.

Ons het 'n lekker middagete gekry en moes daarna, met ons vol mae, begin met die speletjies – van toutrek tot waterkaskenades. Daardie aand was dit tyd vir 'n nagmars. Ons het na die sterre gekyk en 'n leeu of twee hoor brul. Slaaptyd was nie juis stiller nie, want genade, het daardie beddens 'gesqueak'!

Die leiers het die leisels behoorlik styf gehou en ons gesê wanneer ons mag slaap, wanneer ons mag eet, stort, aantrek, swem (maar is dit nou ons beurt?) en hulle het ons selfs dopgehou terwyl ons slaap om seker te maak dat ons wel slaap!

Na 'n lang stap het ons die volgende dag by 'n hindernisbaan uitgekome, mensig, was dit nou vir jou lekker! Lekker en vuil! Op die laaste dag kon ons gaan swem en op die waterglybaan baljaar. Uiteindelik moes ons oppak en weer die lang pad huis toe aanpak. Ek is net bly ons kon darem swem!

HANG DIT AAN DIE GROOT KLOK, DIE GRAAD 8's IS HIER OM TE BLY!

Geskryf deur Ryan Dazel

MINDALORE – Die klokluise-seremonie was 'n groot sukses! Alle nuwe graad 8's het 'n geleentheid gekry om die klok te lui en na alles wat hulle deur is, is hulle nou volwaardige Bastioners. Dit was baie lekker, al weet ek daar was sommige kinders, soos ek, wat eintlik baie skaam was en dit net wou verby kry. Daar was 'n hele paar wat gesê het dat hulle opgewonde en tog ook 'n bietjie bang was om so voor die hele skool op te staan. Ek het daar gesit en kind vir kind dopgehou totdat ek aan die beurt gekom het. Gelukkig was daar ook 'n paar ander kinders wat soos ek skoon vergeet het om die klok te lui, dit was 'n gróót oomblik! Ons het na die seremonie lekker geesgevang en was baie hartseer toe ons daarna moes klasse toe gaan.

Ek weet vir seker dat elke liewe nuwe Bastioner bly is om in Bastion te wees, daarmee saam is ek nogal bly dat ek nou my 'blazer' mag dra!

AKADEMIE

MATRIEKS 2021 MAAK BASTION TROTS!

MINDALORE – 2021 se matrieks kon uiteindelik die stof van hul skooldae van hulle voete afskud en 'n blink nuwe toekomst aanpak. Ons as Hoërskool Bastion wil in hierdie eerste uitgawe van die nuwe skoolkoerant graag die geleentheid gebruik om ons toppresterders van die klas van 2021 hartlik geluk te wens met hulle besondere prestasies! Julle het elkeen werklik hard gewerk en ons glo dat julle daarvoor nêr beloon sal word en dat die toekomst wat julle op hierdie fondasie gaan bou buitengewoon blink gaan wees!



CHLOE DUGMORE
4 onderskeidings

RTT - 81%
Gasvryheidstudies - 81%
Toerisme - 80%
Wiskunde Gelet - 80%



KAYLA LABUSCHAGNE
4 onderskeidings

Wiskunde Gelet - 86%
RTT - 85%
Besigheidstudies - 81%
Engels - 80%



ROMAN USTYCH
4 onderskeidings

Wiskunde - 86%
IGO - 84%
Tegniese Wetenskap - 81%
Siviele Tegnologie - 81%



ARMAND HORN
3 onderskeidings

IGO - 82%
Wiskunde - 82%
Engels - 80%

LOURIERAAND 2022

DIE BESTE VAN BASTION SE BESTES

Geskryf deur Robyn Raadt

MINDALORE – Prysuitdeling-seremonie, 10 Februarie 2022 – wat 'n interessante aand. Dit was 'n baie emosionele aand vir almal wat daar was. Vir die ouers was dit baie lekker om terug te keer na semi-normaal en hulle kinders te kon sien presteer.

Vir my was die aand ongelooflik, totdat ek met my maats daaroor begin praat het oor hulle ervaring... Hulle antwoorde aan my was skrikwekkend. Vir twee van hulle was dit die eerste keer sedert hul laerskooldae dat hulle weer deel was van so 'n funksie. Natuurlik sal 'n mens verwag dat hulle opgewonde daaroor sou wees, maar dit was alles behalwe die geval!

Een van die leerders kon nie glo dat hy 'n prys gaan kry nie. Vir hom het dit gevoel asof hy nie regtig daar hoort nie. Dit is hartseer om te sien dat iemand so hard gewerk het en steeds voel asof hulle nie goed genoeg is nie.

Dan kom ons by die ander leerder wat nie daar wou wees nie vir die eenvoudige rede dat sy vriende nie daar was nie. Omdat sy vriende nie daar was nie, het dit vir hom gevoel asof hy hulle nou "outshine" het. So het hy probeer om homself kleiner te maak, sodat sy vriende nie sleg sou voel nie. Dis tog maar iets wat almal soms doen, jy maak jouself minder om iemand anders se gevoelens te beskerm – tog kan jy in daardie oomblik ook iemand inspireer om harder te probeer en te verbeter.

REDAKTEURSNOTA:

Op 'n aand wat prestasie gevier word, is dit nie veronderstel om swaar op ons jong kinders se skouers te rus nie, maar eerder hulle op te lig en die pad na die toekomst vir hulle aan te dui. Dit laat my soms wonder, presteer hulle vir plig of plesier, uit vrees of ambisie? Ek plaas die gedig, 'My siel, Pa', as stof tot nadenke.

MY SIEL, PA
Deur Marie van Rensburg

Hoeveel ekstra vakke, Pa?
Dux-leerling? Is dit wat Pa vra?
Die prestasies, Pa, al is dit top,
galgtou oor my kop.
En my siel, Pa ...
Kan ek 'n klein-klein stukkie terug vra?

Pa, hoeveel eerstes by die wenpaal,
rekords moet ek nog behaal?
Hoeveel keer op die rostrum, Pa,
met 'n Achilleshiel wat pla?
Maar my siel, Pa ...
kan ek 'n klein-klein stukkie terug vra?

Pa, S.A.-skolespan speel ek al twee jaar,
Pa se Cravenweek is geëwenaar.
Hoe hoog moet die turksvy-kind in die lynstaan spring
om Pa eer te bring?
Maar my siel, Pa ...
kan ek 'n klein-klein stukkie terug vra?

Pa, is Pa ooit tevrede met die ewebeeld,
wat oor my vou soos 'n donker kleed?
Pa is mos my proto,
ek maar Pa se foto!
Maar my siel, Pa ...
kan ek 'n klein-klein stukkie terug vra?



Foto: Johannes Myburgh

SPORT

BASTION GYM – JY SAL NIE GLO WAT JUFFROU SANTIE SE MAN OOR EEN VAN DIE SEUNS BY DIE GYM GESÊ HET NIE....

Geskryf deur Jalene Theron



MINDALORE - By Bastion het ons 'n groot verskeidenheid van sportsoorte. Party mense wil nie net deelneem en wen nie, hulle wil graag ook 'n behoorlike spiertier wees - watse nut het 'n eerste plek as jy nie die lyf het om daarby te pas nie? Kom ons wees nou eerlik, jy sal nooit daai eerste plek kan behaal as jou gesondheid en fiksheid nie in top kondisie is nie. Dan is daar ander mense wat nie werklik 'n erg aan sport het nie, maar dit steeds geniet om fiks en aktief te bly.

By Bastion se gym is daar geleentheid en plek vir almal, dit maak nie saak wat jou fiksheidsdoelwitte is nie. Daar is 'n verskeidenheid van toerusting wat jou sal help om effektief te oefen. Daarby is "Coach" Yolandi Koekemoer en "Coach" Duncan Witbooi beskikbaar om te help en selfs persoonlike oefenprogramme op te stel.

Op pad uit die kantoor uit een middag na skool, het juffrou Santie en haar man verby een van Bastion se jong manne geloop wat pas uit die gym gekom het. Hy het hulle gegroet: "Middag juffrou, middag Oom." Juffrou Santie wou nog lag, want sy het gedink haar man gaan weer sê hoe oud dit hom laat voel as die hoërskoolseuns hom 'oom' noem, maar hy sê toe: "Nee, daai laaitie is so groot, hy kan maar vir my tannie sê en dit sal ook oukei wees..."

Vir 'n maandelikse fooi van slegs R100 kan jy genoeg bultende spiere hê om enige oom 'tannie' te noem of bloot elke middag na skool kom oefen vir 'n magdom ander voordele wat daar is aan fiks en aktief bly. Jy kan vandag begin om jou daaglikse roetine in plek te kry. Hierdie is dié geleentheid waarvoor jy gewag het!

Vir verdere navrae en/of aansoekvorms gaan maak gerus 'n draai by "Coach" Duncan of "Coach" Yolandi.

SKAAK – 'N TOETS VAN KENNIS EN INTELLIGENSIE

Geskryf deur Jalene Theron

MINDALORE - Is jy 'n persoon wat strategies dink en doen? Skaak mag dalk net 'n stokperdjie raak wat jy besonder sal geniet. Die uitdink van planne en strategieë tydens die spel van hierdie bordspel is net die ding om jou brein 'n lekker oefensessie te gee.

'n Koningin wat die hele bord vol geskuif kan word, want sy kan, want sy is dié Queen, 'n klomp soldate onder jou bevel, 'n oorlog in jou hande. Jou keuses bepaal wie wen en wie verloor. Gaan jy vir 'n direkte aanval of verkies jy die langer spel, om sluipend jou vyand een vir een uit te haal met 'n strategiese plan van defensiewe spel.

'n Bordspeletjie, ja, maar kampioen-skappe word gewen, trofee huis toe geneem – dis 'n eer om slim te wees, is dit nie? 'n Stil speletjie, maar 'n luide gejuig aan die einde wanneer die Bastioner wen!

Skaak is 'n spel vir mense wat hou van wen, wat dit geniet om strategieë in hul koppe uit te werk. As hierdie beskrywing na iemand soos jy klink, kom maak 'n draai en maak Bastion trots, sluit aan by ons wenspan!



Foto: Amore Jacobs

SOLDATE OP DIE HOKKIEVELD

Geskryf deur Jalene Theron

MINDALORE - Adrenalien wat deur jou are vloei... determinasie in jou hart.... Stok in jou hand, bal op die veld, spanmaats rondom jou versprei, gereed, reg vir die aanval! 'n Bynaam of twee wat oor die veld weerklink, sweet wat jou aftap en lange wat brand en die skril geluid van die fluitjie – 'n doel geskiet en 'n gejuig op en om die veld. Jy hoor die geluid van die bal teen die staal van die doelhok hoewel die doelwagter vreesloos gespring het om daai bal te keer, want dit gaan alles oor eer.

Bastion se hokkie is dié sport om by betrokke te wees – dis spanwerk en pret! Hokkie is vol harde houes wat soliede plastiek kan laat bars. Kommunikasie is 'n belangrike faktor in 'n hokkiewedstryd. Bloukolle is iets om oor te spog, dit wys jy is 'n sterk speler, 'n speler sonder vrees met 'n passie vir wen.

Op die veld is selfs die vriendelikste dogters en seuns reg om te veg – mense wat gewoonlik glimlag en goedhartig groet, nou 'n geharde soldaat. In die Bastion hokkiespan, grom hulle vir die ander span, op die skool se stoepe, is hulle 'n vriend om te hou!

Hokkie-bokkies is nie net meisies met 'n stok en 'n bal nie, want hokkie is definitief nie vir sissies nie. Hokkiespelers is mense wat wil wen, op die beste manier moontlik – met pret in die hart, die wen-telling in die oog en Bastiontrots op die brein!



Bastion is baie trots op ons eie Ivan Smit wat gekies is vir die Gauteng Skaakspan.

SOSIAAL

LIEFDE OP DIE BREIN

Geskryf deur Robyn Raadt en Yolandé Dawson

MINDALORE - Valentynsdag is die dag van liefde, maar Bastion se leerderraad het besluit om dit sommer 'n hele week lank te vier! Valentynsweek by Bastion was nie net aangenaam nie, maar baie interessant! Die kostuums wat die kinders en onderwysers aangetrek het, was baie snaaks en dit was lekker om te sien hoeveel mense deelgeneem het aan die snaaksighede. Die vieringe het op Vrydag 13 Februarie begin met 'n piekniek. Dit was aangenaam om net te kon sit en te ontspan saam met ons vriende met gepaste musiek wat in die agtergrond speel.

Foto: Micaela Kruger



Foto: Amoré Jacobs

Die week het afgeskop met die "enige iets behalwe 'n tas" tema. Dit was vir seker 'n hoogtepunt in die week. Die leerders was werklik kreatief! Een seun het 'n sluitkassie (locker) vir 'n tas gebruik, 'n ander 'n leë rekenaarboks en daar was 'n jongman met 'n kruit! Daar was vele koelbokse, reistasse en selfs 'n krat of twee, om nie te praat van die piekniekmandjies, visnette, trollies, stootwaentjies, en katmandjies nie. Daar was selfs 'n graad 8 dogter met 'n kitaarsak!

Dan was daar die dag wat almal soos iets wat met die letter 'B' begin, moes aantrek. Die leerders het gróót gegaan - van Barbie, 'n baba en 'n "biker", tot 'n jongman in graad 8 wat soos 'n "beauty queen" aangetrek het. Daar was 'n 'body guard', boere, 'n bandiet en selfs 'n boks! Ons is ook bederf met die teenwoordigheid van Batman!

Die dae wat daarop gevolg het, het net soveel pret en kreatiewe idees ingehou! Daar was 'n dag vir snaakse hare en kouse. Daar was vele namaaksels van die haarstyle uit 'The Grinch' en baie mense wat gekyk het hoeveel rekkies hulle in hulle hare kon kry.

Nog een van die temas was 'twinning'. Mense moes dieselfde aantrek of 'n kostuum dra wat vir 'n paartjie bedoel is. 'n Oulike graad 8 paartjie het bypassende hemde met die woorde 'king' en 'queen' onderskeidelik daarop gedruk, gedra. Op hierdie dag het 'n hele paar onderwysers ook deelgeneem! Juffrou



Foto's: Micaela Kruger

Bianca Fourie en meneer Rynhardt Venter was 'n ouma en oupa, juffrou Elsie du Preez en dok Santie Bothe-Smith was brood en botter en juffrou Leonie van Kraayenburg en juffrou Simoné Carstens was Mickey en Minnie Mouse.

Die lawwe week het afgesluit met 'n groeptema. Hier het die vlam van kreatiwiteit weer die hoogte ingeskiet! Daar was spoke, ballerinas, superhelde, 'bikers' en 'cheerleaders'. Die graad 8 voogde het hulself soos sonneblomme aangetrek en selfs die bestuur het 'n mooi groepie gemaak in hulle wit hemde en blou denimbroeke.

Wat sal Valentynsweek nou wees sonder 'n sokkie? Veral na daar vir soveel jaar 'n "sokkie-droogte" was as gevolg van Covid! Die meisies het die mooiste rokke gedra en die seuns was 'dressed to impress'! Die saal is deur die leerraad versier en dit het net die regte atmosfeer vir 'n onvergeetlike aand geskep.

Bastion se kreatiwiteit en gees, onder leerders en onderwysers, is net weereens weerspieël deur hierdie week se aktiwiteite! Kyk maar net na die foto's en besluit vir jouself.



Foto: Amoré Jacobs



Foto: Amoré Jacobs



Foto: Micaela Kruger

Foto: Micaela Kruger

ALLE GRAPPIES OP 'N STOKKIE....

Eendag was daar 'n dwergie wat onder 'n brug in 'n 'tyre' geslaap het. Toe kry die tyre 'n puncture, nou bly die dwergie in 'n 'flat'.

* * * * *

Verbeel jou, jou ma skep vir jou kos in 'n bakkie en daai bakkie ry net weg...

* * * * *

Lewe jou lewe soos 'n sagte poep, sê niks, maar kom sterk deur!

* * * * *

Ek is vreeslik sleg as dit kom by 'flirt', ek sal iets sê soos: "Jy het mooi tone, uhm, dit pas nogal by jou skouers."

LEER KEN 'N PAAR BASTIONERS

WAG, WAAR KOM BABA'S VANDAAN? 'n Onderhoud met Meneer Gerhard Koekemoer
Geskrif deur Robyn Raadt en Bouwer Fourie



RR: Hoekom het Meneer 'n onderwyser geword?

GK: Want dis vir my lekker om met kinders te werk. Nee, ek jok nou, dis vir my lekker om mense te leer, of dit nou kinders is of nie, ek hou daarvan om mense goed te leer. Ek moes my pelle deur skool kry en ek dink dis waar my passie begin het.

My vriende wou nie leer nie en dan moes ek hulle help na skool en toe sê my aanlegtoetse ook dit is waarvoor ek aangelê is. Ek het dit probeer en ek het daarvan gehou. Ek geniet dit, dis lekker, om mense te leer is my passie.

BF: Wat is Meneer se 'most embarrassing teaching moment'?

GK: Daar is definitief 'n paar van dit, ek sal net moet dink watter een. Kyk, so iets vergeet 'n mens, mens wil dit nie onthou nie. Al waaraan ek nou kan dink was toe hulle die video kom neem het vir die opedag. Ek het gedink dit was soos 'n 3D toer, maar toe is dit nou 'n 'motion picture', hulle het kom afneem hoe mens klasgee. Ek staan toe stil en al my kinders is besig, maar ek staan doodstil soos 'n 'meme'.

RR: Hoe het Meneer Meneer se wimpers so lank gegroei?

GK: Ek het al my groente geëet.

WIE IS NOU EINTLIK WIE?

Onderhoud met Juffrouens Ronel en Alida Badenhorst –
Geskrif deur Robyn Raadt en Bouwer Fourie

By Bastion het ons ons eie stel tweeling-juffrouens en ons het nog altyd gewonder of hulle al 'n bietjie kattekwaad aangevang het met die voordeel van so amper eenders lyk! Ons het hulle bietjie gaan vra wat hulle al aangevang het.

RR: Wie is die gunsteling twin?

RB: Ek.

AB: By die skool? Ek!

BF: Het juffrou-hulle al ooit plekke geruil? Soos identiteite omgeruil?

RB: Dis nie nodig nie, julle doen dit sommer vir ons.

BF: Het juffrou-hulle 'super powers'?

RR: Ons bedoel soos 'twin powers', soos kan julle mekaar se sinne klaarmaak?

RB: Nee.

AB: Jaaa! Ja ons kan. Ons kan gelyk presies dieselfde ding sê en dieselfde ding dink en ons kan gelyktydig dieselfde ding doen, maar onbewustelik (Soos wat juf A Badenhorst hierdie sin klaarmaak, maak sy en juf R Badenhorst toevallig dieselfde beweging met hulle regterhand, twin powers is real!!)

BF: Wie is die slimste een?

Beide dui aan dat dit juf A Badenhorst is, maar dan wys juf A Badenhorst skelmpies na juf R Badenhorst.

AR: Dit hang af, ons prestasies het altyd gewissel, een kwartaal doen ek beter, die volgende kwartaal doen sy (RB) beter. Overall is dit maar dieselfde, ons is ewe slim in verskillende gedeeltes van ons brein.

RR: Waar kom baba's vandaan?

(Redakteursnota: Mnr Koekemoer moes 'n oomblik dink hieroor... Met die hulp van Ryan Vosloo (sonder dat Ryan eers geweet het hy help hierdie moeilike vraag beantwoord) kon hy aan 'n antwoord dink.)

GK: Van Juffrou van Kraayenburg se klas af.

BF: Wat is Meneer se belangstellings?

GK: Ek is baie avontuurlustig! Ek hou van die natuur so ek hou van 'adventure rowing', skubaduik, motorfietsry, enige iets waar ek in die natuur kan wees, is ek gelukkig.

RR: Is die hoof Meneer se pa?

GK: My pa? Nee, hy is my boetie! (In hierdie oomblik val Robyn amper van haar stoel af!) Lyk ek en die hoof nie vir julle soos dieselfde ouderdom nie? Nee, iewers is ons seker verlans familie met die dat ons 'n van deel.

RR: Toyota Hilux of Ford Ranger, watter een is Meneer se voorkeur?

GK: As ek moet kies tussen 'n Toyota en 'n Ford is dit definitief 'n Toyota.

Meneer Koekemoer klink vir ons soos 'n goeie ou met sy hart op die regte plek. Ons is baie dankbaar dat 'n onderwyser met soveel passie en van sy kaliber besluit het om saam te kom boer hier op die Bastion Plaas!

BF: Wie het eerste begin praat?

RB: Ek het eerste begin praat.

RR: Het julle ouers julle al ooit met mekaar misgis?

RB: Ja, ons pa.

RR: Wat het daar gebeur?

AR: Ek het al pak gekry, want sy (RB) was stout.

RR: Wat het juffrou gedoen?

RB: 'n Draad gestrip. Terwyl hy nog in die muurprop was.

RR: Wie is die "evil twin"?

AR: Ek. Juf R Badenhorst is die strengste, maar sy is nie evil nie. Wie is die koudste van ons twee? Ek!

BF: Is dit lekker om 'n tweeling te wees?

AB: Definitief, ek het altyd iemand en sy gaan nooit op my split nie.

RR: Het julle ouers beplan om 'n tweeling te hê of was een van julle 'n verrassing?

RB: My ma het van ons gedroom voor ons gekom het as twee gemmerkoekmannetjies.

AR: So, tegnies was ons beplan.

RB: Ons is 'n seëning van bo, want my ma het endometriose wat swanger word bemoeilik.

AR: Verstaan mooi, ek was beplan. Juf R Badenhorst was 'n geskenk en mens kan nie 'n geskenk teruggee nie, so hulle moes ons altwee hou.



CHANTÉ VAN EEDEN

NIE SOMMER NET NÓG 'N SKOONHEIDSPRINSES NIE

Geskryf deur Angelique Bawden en Leah Roets



KRUGERSDORP - Chanté van Eeden het op Saterdag, 26 Februarie 2022, die titel as Eerste Prinses verower tydens die Mejuffrou Junior Krugersdorp kompetisie. Sy het ook die toekennings ontvang vir 'Best Ramp', 'Best Gift' en 'Best Dressed'. Ons het vir haar so 'n paar vrae gevra om haar beter te leer ken en ons kan jou belowe jy sal net so verras wees soos ons oor hierdie jonge skoonheid se toekomsplanne.

V: Hoe voel dit om Eerste prinses te wees?

CvE: Nogals Lekker. Ek sou sê dis lekkerder as om te wen, dis meer 'exciting'.

V: Is dit die eerste kompetisie waaraan jy deelgeneem het?

CvE: Dit was die eerste groot een, my heel eerste was Mnr. En Mej. Havie.

V: Wat het jou inspireer om deel te neem?

CvE: Om te bewys dat ek nie regtig 'n 'tomboy' is nie.

V: Wie is jou rolmodel en hoekom?

CvE: 'n Vorige Mej. Krugersdorp, Nadine van Staden. Sy het my baie gehelp tydens die kompetisie en sy is 'n baie "cool" tannie.

V: Wie sou jy sê is jou grootste ondersteuners?

CvE: My ouers, hulle staan altyd by my en ondersteun my ten volle.

V: Hoe sal jy die atmosfeer of algehele gevoel van so 'n geleentheid beskryf?

CvE: Stresvol, maar gemaklik. Meeste van die tyd is jou beste vriendin jou grootste kompetisie.

V: Hoe hanteer jy die stres?

CvE: Ek maak of dit nie 'n groot "deal" is nie, want as ander my sien stres, stres hulle ook. So ek bly positief.

V: Vertel ons bietjie meer van die toekening wat jy ontvang het vir 'Best Ramp' en 'Best Gift', wat is dit?

CvE: Vir 'Best Gift' moes ons letterlik geskenkies opmaak en ingee. 'Best Ramp' was vir die beste inloop op die verhoog.

V: Jy het 'Best Dressed' ook gewen, waar het jy jou rok gekry?

CvE: By 'n "China shop", haha.

V: Het jy enige ander stokperdjies?

CvE: Ja, ek speel netbal vir die skool en ek boks.

V: Wat is jou planne vir die toekoms, wat wil jy graag word?

CvE: Ek wil graag 'n motorwerktuigkundige word.

Chanté is inderdaad 'n interessante dame en dis voorwaar 'n voorreg om die skoolbanke met haar te deel!

NUUS UIT DIE OMGEWING

Daar is altyd iets aan die gebeur hier aan die Wesrand. Ons joernalis, Leah Roets, het vir ons gaan rondsnuffel vir nuusbrokkies.

NOG 'N VUIL COKE!!

Geskryf deur Leah Roets

MULDERSDRIFT. – Ja, ja, FATMAN!! Tydens die naweek van 26 en 27 Februarie was daar vet pret by On Site Pub & Diner. Die dansvloer was behoorlik aan die brand met Irene-Louise se 'Tekkies brand' optrede en die glase vol met die optrede van Fatman. Volgens musiek.co.za moes jy iewers weggekruipe het as jy nog nie weet wie Fatman is nie! Hy was die oudste deelnemer aan die populêre televisie sangkompetisie, The Voice, maar sy ouderdom het hom nie gekeer om sy drome te volg nie en hier leef hy dit nou elke dag uit!

Die daaropvolgende naweek was ons almal 'op ons knieë' met Cordelia se optrede. Die werknemers van die pub kon skaars byhou met al die kliënte, dit was besiger as 'n miernes daardie dag! Op Saterdag, 12 Maart, het almal hulle beste lipstiek aangesit, want Ivan Roux was daar en hy 'doenit vir liefde'!

As jou naweek droog loop, kom maak gerus 'n draai!

'N MOTORFIETS ONGELUK IN LEWISHAM

Geskryf deur Leah Roets

ROODEPOORT. – Op Saterdag 13 Februarie 2022, omstreeks 23:15, was twee motorfiets en 'n motor in 'n botsing betrokke. Na bewering het die bestuurder van die motor nie gestop vir 'n rooi lig nie en nie die twee mans op hulle motorfiets sien aankom nie.

Die eerste man het probeer uitswaai en het oor sy motorfiets geval. Hy is gelukkig nie te ernstig beseer nie, hy het net 'n gebroke arm opgedoen. Die tweede man was egter nie so gelukkig nie en het teen die motor gebots. Die beserings wat hy opgedoen het sluit 'n gebroke arm en been en 'n vergruisde voet en hand in. Die nooddienste het na bewering ongeveer 'n halfuur geneem om daar op te daag. Bestuurder van die motor het geen beserings opgedoen nie en kon darem help om die ernstig beseerde motorfietsryer se bloeding onder beheer te kry terwyl hulle vir die ambulans gewag het.

Beide mans is na 'n plaaslike hospitaal geneem. Die man met die ernstiger beserings moes eers twee operasies ondergaan voordat hy ontslaan is. Ter wille van die betrokkenes se privaatheid is die name nie aan die media bekend gemaak nie, ons weet wel dat almal veilig by die huis is en op die pad na herstel is.

RUBRIEKE

SARKASTIESE SARIE GEE RAAD.

Geskryf deur 'n plaaslike, anonieme raadgewer wat 'sarkasme' vlot kan praat.



Sarkastiese Sarie is hier om elke liewe 'special snowflake' te help met hulle 'first world problems'. Hier kry jy sommer 'n goeie dosis realiteit wat Will Smith se plathand-oorveeg na 'n liefkosing sal laat lyk. Lees gerus ons lesers se 'probleme' en Sarie se kort en kragtige raad om sommer vinnig daarvan ontslae te raak!

Liewe Sarie

Die meisie wat voor my sit in Wiskunde doen altyd beter as ek. Ek probeer haar beïndruk, maar sy hou net van slim ouens. Hoe gaan ek haar hart wen?

#wannebeagenius

Liewe #wannabeagenius

Word slim! Of raak verlief op 'n dom meisie?

#getatutor

Liewe Sarie

My ma verwag alewig dat my kamer netjies moet wees, maar ek het 'n lewe! Ek is nog net 'n paar honderd duisend followers weg van 'TikTok-famous'.

Hoe kan ek my ma laat sien dat sy onregverdig is en my moet begin behandel soos die celebrity wat ek is?

#mammaverstaanmynie

Liewe #mammaverstaanmynie

'n Paar honderd duisend? Dis nog ver my ding, so luister maar vir mamma.

#dalawhatyoumust

Indien jy graag wil hê Sarie moet 'n bietjie aandag aan jou spesiale probleem gee, skryf 'n briefie en kom plaas dit in die koerantboks in K11.

Liewe Sarie

'n Skooldag is net te lank. I can't even. My delikate siel kan nie cope hiermee nie! Help!

#fightthesystem

Liewe #fightthesystem

Deal met dit. Anders gaan jy moet deal met dit oor 'n paar jaar, op straat, op die hoek, of in 'n plek wat ek nie hier mag noem nie.

#donkerdingewagdaarbuite

Liewe Sarie

Ek hou rereg nie van honde nie, maar my Lewens juffrou wil hê ons moet ons boeke met prentjies van honde oortrek. Dis só gross... Help!

#ekhetnienhartnie

Liewe #ekhetnienhartnie

Trek jou boek oor met foto's van jou juffrou.


#lewensisalsmaarhondenotsomuch



Foto's: Leonie van Kraayenbrug

OPINIES WAT SAAKMAAK

Resensies oor baie belangrike dinge
deur Raheem Berning en Bouwer Fourie



OM 'N KOPPIE KOFFIE OP TE KOFFIE

MINDALORE - Daar is min mense wat kan funksioneer sonder 'n vroeë oggend koppie koffie. Ons het besluit, wetend hoe op hul tone ons die graad 8 voogonderwysers hou, om uit te vind wie van hulle kan die beste koffie maak, want hulle lyk vir ons na mense wat 'n paar koppies kafeïen-versterking sommer vroegdag al kaf draf.

So word daar toe gereël vir 'n 'blind coffee-tasting' – ons twee het een pouse geblindoek in die personeelkamer gesit terwyl daar 'n lekseltjie koffie uit elke beker, gemaak deur elk van die voogde, aan ons voorgesit is om te proe.



Die reëls was eenvoudig: alle deelnemers moes dieselfde koffie as basis gebruik, maar was toegelaat om 'n geheime bestanddeel van die huis af te bring om hul poging om te wen te ondersteun. Al wat ons vooraf geweet het is die letter wat lukraak aan elke beker koffie toegeken is – A tot G.



Die wenner was Beker D. Die koffie was baie lekker, met 'n lekker smaak en reuk. Dit was eerlikwaar heerlijk! Dié beker het behoort aan juffrou Annie de Witt. Haar talente is duidelik nie net tot die hokkieveld beperk nie!



Naas haar was Beker B, gemaak deur dok Santie Bothe-Smith, ook die enigste deelnemer wat 'n geheime bestanddeel by haar koffie bygevoeg het – 'n groot lepel 'hot chocolate'! Baie van die koffie was heel aanvaarbaar, so vra maar enige graad 8 voog om vir jou 'n koppie koffie te maak, dalk net nie vir juf Magderi Marais nie... 😊

BASTION SKRYF

Bastion het 'n magdom talent wat nie net beperk is tot akademie, sport en kultuur nie. Daar is 'n hele paar van ons leerders met 'hidden talents', byvoorbeeld die vermoë om só te skryf dat die leser elke woord opslurp, ongeduldig om die volgende een te lees. Die tema van hierdie uitgawe se kortverhale was: "Tets donker, met 'n twist". Ons digters, wat effens vryer siele is, het hulle bloot deur inspirasie laat lei en iets ietwat ligter geskryf. Geniet hierdie wel ter tale leerders se vermoë om met woorde te toor! – REDAKTEUR

KORTVERHALE – IETS DONKER MET 'N 'TWIST'

DIE SON SAL WEER SKYN

'n Kortverhaal deur Amber-Jade Snyman

19 Desember 2021 – 'n Datum wat Kristy nooit sal vergeet nie, al wens sy dat sy kon. Dit was dan juis hiërdie dag wat haar jong lewe onherroeplik verander het, van 'n sorgelose student tot 'n vreesbevange amper-mens, een wat vir haar eie skaduwee skrik.

Kristy kyk na haarself in die spieël met oë vol vroe. Sy laat haar gedagtes ver teruggaan na daardie Saterdagoggend. Dit was so skuins voor tien en dit was reeds ongenadiglik warm. Kristy en haar vriende het besluit om onder 'n boom by die swembad te gaan afkoel. Met hul yskoue koeldranke en smaaklike peuselhappies beraam hulle planne vir die komende feesgety.

Kristy se foon het skielik hard gelui en die gemoedlike atmosfeer verbreek. Sy het die luitoon herken as dié van haar stiefma en die foon grappig geantwoord met: "Staatslykshuis, goeiemôre!" 'n Kort stilte het geheers, gevolg deur 'n bloedstollende gil: "NEEEEE!" Daarna het net rou snikke deur haar liggaam geskeur.

Celest, haar stiefma, het gesê dat haar pa, Clive, op kantoor gevind is met 'n enkele noodlottige koeëlwond aan sy kop. Die polisie se forensiese ondersoek dui op vuilspel – haar pa is koelbloedig vermoor.

Na etlike weke, wat meer soos maande gevoel het, is die skuldige, sy vennoot en twee makkers veilig agter tralies en verhoorafwagting.

Tydens die verhoor het dit aan die lig gekom dat Ryno Pieterse, die vennoot, reeds maande lank geld uit Kristy se trustfonds, wat deur haar oorlede moeder aan haar nagelaat is, verduister het. Clive het Ryno voor stok gekry en aan hom 'n ultimatum gestel – die volle R1,3 miljoen moes binne sewe dae terugbetaal word en Ryno moes uit die vennootskap bedank, anders sou Clive hom van bedrog by die polisie aankla. Ryno kon natuurlik nie voldoen aan die vereistes nie, dit was onmoontlik, die geld was reeds weggedobbel. Hy móes Clive stilmaak.

Ryno is lewenslank gevonniss vir die moord op Kristy se pa, daarmee saam vyftien jaar vir bedrog, wat samelopend uitgedien moes word. Die twee medepligtiges is elk 'n twaalf jaar vonnis opgelê vir hulle bydrae tot die moord en die besit van onwettige vuurwapens.

"Nou ja, dit bring nie my pa en my sorgelose lewe terug nie, maar die son sal weer vir my skyn," dink Kristy, daar waar sy in haar kamer by die Songlans Senuweekliniek sit. Sy het geleer om die onvermydelike te aanvaar.



DIE SLAGTING VAN 'N STIEFPA

'n Kortverhaal deur Anel de Lange

Stiefpa sit op die bank. In sy regterhand klem hy die DSTV se afstandbeheer vas. Gewoonlik sou hy 'n Castle in sy linkerhand gehad het, op sy bobeen gestut, teen die grilligerige maag wat oor sy skoot smelt. Die borshare sou bo sy vergeelde "vest" uitgepeul het.

'n Mens sal dink die feit dat hy daar sit, is wat my die meeste pla. Hy is immers al amper twee weke lank dood. Tog is dit eerder die vooruitsig om die verrottende bloed en breinweefsel van die bank se rugleuning af te was wat my so frustreer dat alles om my somer dof raak. Sodra ek weer kan fokus, sien ek hy het op pad sitkamer toe 'n spul maaiers op die mat gemors. Op die bank ook. Wriemelend op soek na kos. Dit beteken ek sal iets drasties moet bedink om van die gemors ontslae te raak...

Die afwesigheid van sy linkerhand pla my. Die vel en vleis is grof en in repe waar die arm by die gewrig ophou. Tipies van my stiefpa om sy hele hand af te kou as die duim genoeg sou wees. Ek het gereken die boeie was 'n oulike stukkie poëtiese geregtigheid. Wie sou kon dink Stiefpa het soveel deursettingsvermoë?

Stiefpa sit net daar. Kyk Binnelanders. Nogal vreemd, aangesien hy nooit 'n goeie woord oor dié sepie te sê gehad het toe hy nog geleef het nie. Ek wonder of hy die grap sou vang as ek vir hom The Walking Dead sou wys. Waarskynlik nie, my stiefpa was nie bekend vir sy sin vir humor nie.

Vandat hy dood is, praat hy nie meer nie. Kan nie sê ek mis sy stem nie. Dit het 'n aaklige byklank gehad, soos 'n broeknaat wat skeur. Die inhoud van sy gesprekke het ook nie hiervoor opgemaak nie.

Ek stap om en kyk na die opening in die agterkant van sy kop: geskeurde breinweefsel en maaiers wat van binne vreet. Na daardie argument wat ons gehad het, het hy net die pad gevat, ek het net hier op my woede sit en broei. Dares jammer ek het nie sy terugkeer beter hanteer nie, maar, omstandighede in ag geneem, kan ek myself nie juis verkwalik nie.

Nogtans, daar was beter opsies as die byl.



CARMEN VAN RIVIERSPEL

‘n Kortverhaal deur Amber-Jade Snyman

Nóg ‘n moord! Dit is asof ek glad nie kan stop nie. Ek staar elke dag in die spieël en vra myself: “Is hierdie persoon rerig ek, is ek dan só ‘n wrede monster van ‘n mens”? Dan antwoord ek myself: “Nee, glad nie! Ek, Carmen, is ‘n doodgewone persoon, ‘n goeie mens wat net mislei is deur die harde aanslae van die lewe.”

Nou ja, dis weer tyd vir werk, ek moet myself staal vir die aaklige geluide van motors en mense rondom my. Daar is niks in die wêreld wat ek meer haat as ontroue, afknoueriige mansmense nie. Hul leuens herinner my aan die leuens wat my pa altyd aan my ma opgedis het.

Ek onthou dit asof dit gister gebeur het, die gevoel van mag....

Ek het kombuis toe gegaan om nog n koppie koffie vir Ma te maak toe ek weer ‘n bakleiery hoor. Ek dink ek was maar net nie in die luim daarvoor nie. Dit was nou net genoeg! Die drankwalms van ‘n hele nag se gesuipery het aan sy asem gehang, daarmee saam die reuk van goedkoop parfuum aan sy klere. Ek was buite myself van woede.

Ja wel, dis nou ‘n paar weke later, en steeds kan ek nie die drang om te moor stop nie. Nee! Ek wil dit nie stop nie, ek wil al daai ontroue, vroueslaners uitwis!

Dis verbysterend dat almal wonder waarheen my pa so skielik verdwyn het.

Baie mishandelde vroue van die dorp, Rivierspel, vra dieselfde vrae; “Waar is my man? Hoe kon hy nes ‘n groot speld verdwyn?” Spoorloos weg, net eenvoudig weg, sonder taal of tyding.

My arme ma was deur uiterste hel met daai man, die hemel alleen sal weet hoekom sy hom nog mis.

Skuldig? Nee, ek voel glad nie skuldig nie, hoekom moet ek? Ek doen dan al daardie vrouens ‘n guns. Geen meer kwellinge en vroe deur die koue nagte, geen meer gesmag na stilte en rustigheid. Snags slaap ek meer gerus, ja, ek voel weer veilig tuis.

WAT DIE HART VAN VOL IS – BASTION DIGKUNS**BAD, BUT ON BORROWED TIME**

Written by Tamsin S

‘N MANSMENS

Geskryf deur Shay*

NET IN SPROKIES

Geskryf deur Shay*

Criminal.
I feel it on my skin.
Too many thoughts have surfaced.
I don't even know where to begin.

Vandag skryf ek graag oor
die vreemdste ding onder die son.
Ek ken hulle al vir ewig,
maar verstaan steeds niks van hom.

Hulle sê dis net in sprokies
waar ‘n ridder op sy wit perd ry
of waar die feetjies
so skelm in woude bly.

Lost in this façade of truth.
Too much time has passed.
From blue to beige.
Were we supposed to last?

Ja, ek praat oor ‘n seun
met sy kort, deurmekaar hare
en sy uitdagende glimlag
wat hy al het vir jare.

Hulle sê dis net in sprokies
waar drake in die wolke vlieg
of waar jou droomseun onder
jou balkon staan en sy gevoelens bieg.

History resurfaces.
Caught up in the mysteries.
I've been a survivor.
Always finding something to fix.

Seuns, ek het ‘n paar vroe,
want ek wonder dit al lank.
Hoekom as jy saam vriende is,
slaan jy jou naam met ‘n plank.

Hulle sê dis net in sprokies
waar die held sy prinses red
of waar die meisie haar eie
townenaar het.

Twisted up in this sorrow space.
This narrow line.
But the clock never stops ticking.
I'm on borrowed time.

Hoekom as jy siek is
maak jy of jy doodgaan?
Hoekom word jy so kwaad met sport?
Dis tog net mense op ‘n baan.

Maar vandag wil ek graag
almal wat só dink verkeerd bewys.
Voordat jy my vra:
“Is al jou varkies op hok?”
Hoor eers my sê:

You, me, a world of illusion.
Breathing this heartache.
We were great together.
But it's more than just us at stake.

Hoekom as jy spuitgoed het,
gebruik jy amper helfte?
Hoekom dink jy alle
meisies is dieselfde?

Die ridder met die wit perd
kan jou beste vriend wees.
En die feetjies in die woud
‘n skoenlapper met ‘n vrolike gees.

Thriving on this innocence.
Never at fault.
The confusion is swallowing me alive.
This emotional assault.

Hoe besluit jy so vinnig
wat om te dra?
Dis al wat ek wil weet,
want dit neem my ‘n paar dae.

Die drake in die wolke
is die son se skadu in die lug
en die droomseun onder jou balkon
dalk die outjie met puisies op sy gesig.

You, me, the history runs deep.
Littered amongst what turned to dust.
It's never just that simple.
It's never just us.

Shay is ‘n skuilnaam en dus is Shay is op die oomblik Bastion se anonieme digter. Met elke uitgawe van die koerant sal HS ‘n leidraad of twee rondom sy/haar identiteit deel. Daar wag ‘n prys vir die eerste korrekte raaiskoot! Die leidraad vir kwartaal 1 is: *Ek is nuut hier rond en vind nog my voete, met ‘n boek in my hand of een van my gedigte.

Daar het julle dit... Shay, ons skim-digter. Kan jy raai wie so poëties deur die lewe waai?

Die held - die persoon wat jou red
as jy voel jy is klaar
En die meisie is jy,
wanneer jy vir jouself in die spieël staar.

Sien! Daar is altyd
“magic” in die lewe.
Ons soek dit soms
net op die verkeerde plekke.

WAAG 'N KANS EN WEN

BASTION SKOOLKOERANT KOMPETISIES

Elke kwartaal sal daar 'n verskeidenheid kompetisies in die skoolkoerant wees. Jy kan deelneem aan een of aan almal. Hier volg die reëls:

- Elke kompetisie is 'n aantal punte werd, so hoe meer jy deelneem, hoe meer punte kry jy.
- Daar is dus op die ou einde net EEN groot wenner – die deelnemer met die meeste punte.
- Wenners sal aangekondig word na die aangeduide afsnydatum vir inskrywings in elke uitgawe.
- Die sluitingsdatum vir hierdie uitgawe se kompetisies is: **28 APRIL 2022 om 14H15.**
- SLEGS leerders van Hoërskool Bastion mag deelneem aan die kompetisies – uitsluitend lede van die koerant se redaksie en personeel.
- Die kompetisies in hierdie uitgawe sluit die volgende in:
 - 'n Nuwe naam vir Bastion se skoolkoerant
 - 'n Blokkiesraaisel
 - 'n Vervolgverhaalkompetisie
 - 'n Fotoraai van die graad 8 voogonderwysers
- Die pryse vir hierdie kwartaal se kompetisies:
 - Eerste plek: R500 snoepie-geskenkbewys
 - Tweede plek: R250 Mr Delivery-geskenkbewys
 - Derde plek: 'n Bottel/blik koffie van jou keuse, melk en suiker – genoeg om vir 'n maand lank vir jouself te kan koffie maak elke pouse in juf van Kraayenburg se klas (dit raak mos nou lekker koud...)
 - Gelukkige trekking: Data ter waarde van R125 (enige diensverskaffer en enige databondel)
- Inskrywings moet op **inskrywingsvorms* of op papier (geskryf of getik)** (GEEN WHATSAPP INSKRYWINGS NIE) ingehandig word by **K11** (juffrou Santie Bothe-Smith).

***Inskrywingsvorms is ook beskikbaar in K11**

GEEN INSKRYWINGS SAL AANVAAR WORD IN DIE LAASTE PERIODE VAN ELKE DAG NIE.

Kompetisie 1



DIE...???



Bastion se skoolkoerant het in 2015 laas 'n uitgawe gehad. In daardie jare het die koerant '*Het Katje*' geheet. Meeste lesers sal dalk nie weet dat dit die Nederlands vir 'Die Kat' is nie en selfs al doen hulle, nie noodwendig die betekenis daarvan begryp nie.

Die skoolkoerant trek in 2022 'n nuwe baadjie aan en het dus 'n splinternuwe naam nodig. Iets wat in mense se breins gaan vashaak, iets wat die spyker op die kop slaan.

Het jy 'n idee? Skryf jou naam en van, graad, voogklas en telefoonnommer saam met jou voorstel vir die skoolkoerant se naam netjies op 'n papier neer en kom gooi dit **in die koerantboks in K11**. Indien jou naam gekies word as die wenner, verdien jy **15 punte**! Die top 3 gunstelingte waaruit die finale naam gekies word sal elk 5 punte verdien.

Skud bietjie die stof van daai pitte tussen jou ore af en help ons om die nuwe naam vir die skoolkoerant van Hoërskool Bastion te vind.

Kompetisie 2

Een van ons begaafde skrywers het besluit om sy skryfwerk te verander in 'n groepsprojek! Lees die vervolghverhaal wat hieronder volg en skryf jy die volgende 200 woorde in die verhaal, jy gaan aan waar die skrywer nou ophou. Jou kop kan enige kant toe gaan, gee jou verbeelding vrye teuels en gaan aan waar die storie ophou. Daar sal TWEE gelukkige wenner wees en hierdie kompetisie is 20 punte werd. Indien jou skryfstuk in die top 10 was waaruit die twee wen stories gekies word, sal daar 5 punte aan jou toegeken word.

SARIE EN HAAR GEHEIME BEWONDERAARS

'n Laslappie vervolghverhaal geskryf deur Logan Dryden

Sarie stap die middag na skool rustig terug huis toe. Dit is ongeveer 14h25 toe sy by die huis aankom. Sy trek haar skoolklere uit en so met die uittrek, val daar 'n briefie uit haar sak. Sy kyk die vreemde stukkie papier aan en besluit om dit te lees. Sy lees hom eers vlugtig deur en dan, geskok, herlees sy die laaste paragraaf... "As jy wil uitvind wie ek is, gaan om middernag na julle buitenste hek, ek weet jy is daardie tyd nog wakker."

Haar hart sak tot in haar skoene! Wie kan dit wees en hoe weet hulle dat sy nog daardie tyd wakker is?

Aanvanklik wonder sy of hierdie dalk net een of ander seun is wat 'n siek grap probeer maak, maar met tyd het dinge erger begin raak. Sy het vir nog 'n paar dae elke dag 'n briefie gekry. Snags sou sy 'n figuur onder die boom, wat reg voor haar kamervenster is, sien, maar sy kon nie uitmaak wie dit was nie.

Na die sewende dag het sy besluit om die polisie te kontak. Al hulp wat sy uit hulle kon kry was: "Dame, as jy nie fisiese bewyse het nie, kan ons jou nie help nie."

Sy was op moedverloor se vlakke, maar soos hulle sê: "Benoude katte maak benoude spronge" en skielik kry sy hierdie briljante idee ...

Kompetisie 3


Voltooi hierdie onderstaande blokkiesraaisel en verdien TWEE punte vir elke woord wat jy reg het. Indien jy die HELE blokkiesraaisel korrek voltooi, kan jy 'n ekstra 10 bonuspunte verdien!

DWARS

3. As jou antwoord nie NEE is nie. (2)
6. Lank nog nie koud nie! (3)
8. Op rente uitsit. (5)
11. Nie almal van hulle sit in torings en glaskaste vas nie en Bastion het een van sy eie. (9)
12. Hulle en dwase skryf op deure en glase! (3)
13. Asook. (2)
14. Produk van Adam se rib. (3)
16. Orgaan gevorm soos 'n boontjie. (4)
20. Een van juf Barbara Maartens se gunsteling woorde. (11)
22. Weerklank in grotte. (4)
23. Vloer van hout vir gesellige verkeer of uitkyk. (3)
24. Nie jou pa nie. (2)
26. 'n Woord wat jy NIE herhaaldelik in opstelle moet gebruik nie. (3)
28. Biskopskerke. (9)
31. 'n Toneelstuk met klassieke sang en orkesbegeleiding. (5)
32. Die dokter skryf dit voor. (3)

AF

1. Die mense in die huis langsaan. (4)
2. Belangrike vervoermiddel tydens die Groot Trek. (4)
3. Almal dra 'n netjiese een. (3)
4. Vervoer bloed deur die liggaam. (3)
5. Medisynewinkels. (6)
6. Vorentoe beweeg in jou beroep of lewe. (6)
7. 'n Ongelooflike Daalder! (3)
9. Skryfstokkies met ink en doppies. (5)
10. Verbrande hout. (2)
15. Nattigheid. (3)
17. Klassifiseer, groepeer ensovoorts. (6)
18. Heerlike maaltyd. (3)
19. Iets wat jy kan breek by 'n atletiekbyeenkoms. (6)
21. Seisoen na Lente. (5)
25. Eerste geskape mens. (4)
26. Om bloed uit 'n klip te... (3)
27. Om vis en tjijs in te bak. (4)
28. Dit wat mense eet. (3)
29. Kese. (3)
30. Ons het die pad voet aangepak. (2)



BYDRAES WELKOM!

Het jy 'n talent waarby Bastion se koerant kan baat?

Het jy 'n hart vir fotografie of joernalistiek?

Dalk kan jy verhale of gedigte skryf waarmee mense heeltemal weggevoer kan raak?

Selfs jou kuns kan pronk in Bastion se koerant. Ons is juis opsoek na iemand wat vir ons strokiesprente kan teken.

Bring jouself, jou bydraes of jou vrae na juffrou Santie Bothe-Smith in K11, reg langs die snoepie.

Kompetisie 4

Hoe goed dink jy ken jy die personeel wat betrokke is by ons graad 8 leerders? Bestudeer die babafoto's hieronder (bestudeer ekstra mooi, die onderwysers het groot geword in tye toe kamera's nog letterlik 'n rol film benodig het en dus is hierdie foto's nou nie presies 'HD Quality' nie...) en vat 'n wilde raai, wie dink jy is elk van die volgende babas: 5 punte vir elke korrekte raaiskoot, 10 bonuspunte indien jy al nege korrek het.

Foto A



Foto B



Foto C




Foto D



Foto E




Foto F



Foto G




Foto H



Foto I



BASTION PRET EN PRESTASIES




Foto: Yolande Dawson

Foto: Micaela Kruger

Foto: Johannes Myburgh

Foto: Micaela Kruger

Foto: Micaela Kruger

Foto: Tanisha Geyer

Foto: Amoré Jacobs

Foto: Johannes Myburgh

Foto: Amoré Jacobs

Foto: Johannes Myburgh

Foto: Johannes Myburgh

Foto: Amoré Jacobs